

PROFESSOR F A VAN JAARVELD AS DOSENT EN STUDIELEIER

Louis Scott
Hoërskool Pietersburg

'n Historikus se meriete word gewoonlik bepaal op grond van die werke wat hy die lig laat sien het. Hoewel dit beslis 'n belangrike maatstaf is, mag dit nie die enigste wees nie. By die evaluering van 'n historikus moet die volgende afgepraag word: beskik hy oor die vermoë om die man op straat met sy gedagtegang te prikkel en om die liefde vir geskiedenis aan ander oor te dra; is hy in staat om Geskiedenis as vak op te hef; kan hy met mede-historici kommunikeer en sodoende sy stempel op geskiedskrywing afdruk; en ten slotte, beskik hy oor die vermoë om, soos 'n ware Gemaliël, sy "volgelinge" of studente so te kan lei dat hulle met bewondering en toewyding sy vakvaardigheid aanprys en navolg? Hierdie vrae kan deur 'n persoon wat aan die voete van Gemaliël gesit het, sekerlik ten volle beantwoord word.

Vir die afgelope aantal jare was dit my en talle ander studente se voorreg om professor F A van Jaarsveld eers as dosent, en daarna as studieleier, te kon leer ken.

Vir die meeste van ons was die eerste kennismaking met prof Van Jaarsveld via die talle skoolhandboeke wat hy die lig laat sien het. Die gunstige beeld wat reeds rondom hom opgebou is, is met die eerste ontmoeting in die lesinglokaal dieper ingeskerp. Prof. Van Jaarsveld is een van die weinige dosente wat oor die vermoë beskik om die studente vir die volle duur van sy lesing aandagtig te boei. Met taalkundige soepelheid slaag hy daarin om met sy vakkennis die toehoorder se gedagtegang en historiese veld in te kleur en te vul. Dit is onder andere hierdie vermoë wat van prof. Van Jaarsveld 'n reus in sy wetenskap maak. 'n Onbetwisbare bewys is die groot getal studente wat geskiedenis as studierigting aan die Universiteit van Pretoria kies.

Die gemak waarmee prof. Van Jaarsveld die groot klasse studente hanteer en sy onderrigmetode sal my altyd bybly. Deur gebruik te maak van die nodige hulpmiddels soos die swartbord, landkaart en die oorhoofse truprojektor word die student gelei tot groter insig. Die entoesiasme wat uit sy lesings spruit en sy vermoë om veral die vaderlandse geskiedenis by die student lewend te maak wakker die nasionale gevoel in 'n mens aan.

Prof F A, of prof Floors, soos hy by die studente bekend staan, het nie net as otoriteit in sy vak nie, maar ook as mens 'n blywende indruk op ons gemaak. Deur die jare het hierdie bewondering steeds bly groei. Nooit was en is hierdie man te besig om 'n student te woord te staan en met raad en daad behulpsaam te wees nie. Prof. Van Jaarsveld se aansien by die studente lê dan ook in sy nederigheid wat hom juis "groot" maak.

Dit is tydens hierdie voorgraadse jare dat prof. Van Jaarsveld die liefde vir geskiedenis by elke student vaslê. Is dit nie so dat talle oud-studente in hulle latere beroepslewe, wanneer daar van prof. Van Jaarsveld gepraat word, met opregte trots verklaar: "Ek ken hom, ek het by hom klas gehad" nie?

Dit is inderdaad so dat die student wat op na-graadse vlak intensief met sy promotor saamwerk, 'n baie duidelike beeld van so 'n persoon opbou. Saam met sy ander studente kan ek die vrymoedigheid neem om die stelling te maak dat prof. Van Jaarsveld 'n fenomenale persoonlikheid is. Sy skitterende vakkennis, sy vermoë om dit oor te dra, sy absolute onbaatsugtige opoffering en byna ongelooflike belangstelling in die student as mens, is prysenswaardig.

Tydens daardie moeilike jare van "donkiewerk" in die argief, was hy en is hy

vandag nog die een wat die student met die nodige motivering en aandag aanspoor om voort te gaan en alleenlik sy beste te lewer. Vanweë die geweldige hoë premie wat prof. Van Jaarsveld op die standaard van sy studente se werk plaas, het daar deur die jare 'n behoefte by studente ontstaan om hulle nagraadse studies onder sy leiding aan te pak. Om jou nagraadse studies onder sy leiding met sukses te voltooi, bring daardie ekstra tikkie trots mee.

Prof. Van Jaarsveld se kennis van die bronne wat in die argiewe in die R.S.A. is, is ongelooflik. Wat hierdie kennis van hom vir die student met sy navorsing beteken kan nouliks oordryf word. Hierdie aspek het my veral opgeval tydens ons bespreking oor bronne met betrekking tot die ou Transvaalse Republikeinse geskiedenis.

Opvallend is prof. Van Jaarsveld se onuitputlike werksvermoë. Op geen stadium sal hy 'n student met die kontrolering en nasien van hoofstukke van hulle beoogde M.A.- of Doktorsdissertasie laat wag nie. Tydens die bespreking van die werkstukke kom die mens in hom ook na vore. Hy is altyd bereid om sy kosbare tyd vir die student op te offer. In my gedagtes kan ek sien hoe prof. Van Jaarsveld saam met 'n student by die koffietafel in die sitkamer sit, hoe mev. Van Jaarsveld die altyd welkome koppie tee naderbring en hoe Gemaliël se wysheid en insig die vertrek vul.

Saam met al sy huidige en oud-studente sê ons: "Beste Professor", geluk met die sestigste verjaardag. Baie dankie vir alles wat u vir ons beteken het. Mag u pad vorentoe geseënd wees.

BYLAE

LYS VAN DOKTORALE EN MAGISTERDISSERTASIES WAT STUDENTE ONDER DIE LEIDING VAN PROF. F A VAN JAARSVELD GESKRYF HET

DOKTORALE PROEFSKRIFTE

- 1 G D J Duvenage: *Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika — agtergrond, ontstaan en einde*. UNISA, 1966.
- 2 Gerrit Schutte: *De Hollanders in Krugers Republiek, 1884—1899*. Dié skripsie is onder prof. Van Jaarsveld se leiding geskryf terwyl dr. Schutte vir een jaar 'n beurshouer van die Dept. Nasionale Opvoeding uit Nederland was in 1965. Dit is gepubliseer in die reeks *Mededelings van UNISA*, C63, Pretoria, 1968.
- 3 M Streak: *The Afrikaner as viewed by the English, 1795—1854*. RAU, 1972. Gepubliseer deur Struik, Kaapstad, 1974.
- 4 Andrew Young: *British Policy towards the Union of South Africa, 1919—1929*. University of Bristol, 1974. Hy het 'n jaar lank onder prof. Van Jaarsveld se toesig aan U P gewerk en by prof. K Ingham gepromoveer.
- 5 Patrick Videoq: *L'expansion europeenne au nord du Vaal. (Transvaal — Afrique du Sud), 1820—1852*. Vier jaar lank onder prof. Van Jaarsveld se leiding gewerk, 1970—1973, RAU en UP, onder 'n beurs van die Dept. Nasionale Opvoeding, maar gepromoveer aan Université de Provence, Aix-en-Provence, 1974. (Thèse de Doctorat de 3^e Cycle d'histoire. (J L Miege, directeur de l'Institut d'Histoire des Pays d'outremer.)
- 6 J L Hatting: *Die trekke uit die ZA Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875—1895*. U P, 1975.
- 7 E P van der Schyff: *Die rol van die Ned. Geref. Kerk in die inisiëring van maatskaplike en ander dienste in die Kaapse Skiereiland, 1844—1937*. U P, 1977.
- 8 S Strauss: *Die geskiedenis van handelsonderwys in Suid-Afrika, 1910—1973*. U P, 1979.

- 9 J E H Grobler: *Die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881 'n militêr-historiese benadering*. U P, 1980/81.

MAGISTER-VERHANDELINGE

- 1 P C Grey: *Eilande in die Vaalrivier: Die oplossing van 'n grensgeskil tussen die SAR en OVS, 1884-1895*. UNISA, 1963.
- 2 B J Kruger: *Diskussies en wetgewing rondom die landelike arbeidsvraagstuk in die S A Republiek (met besondere verwysing na die Plakkerswette) 1885-1899*. Verkorte uitgawe gepubliseer in *Mededelings van UNISA*, C262, Pretoria, 1966. UNISA, 1965.
- 3 A P van Niekerk: *Die Kaapse pers en die Groot Trek, 1834-1842*. UNISA, 1966.
- 4 G C M Smit: *Die dood en begrafnis van President S J P Kruger*. UNISA, 1967.
- 5 R T J Lombard: *Eerw T J A Maré: eerste sendeling van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal*. UNISA, 1967.
- 6 D J Jacobs: *Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888*. UNISA, 1967. Gepubliseer in die *Argiefjaarboek vir SA Geskiedenis*, 1969, I.
- 7 C L Grimbeek: *Die wedersydse beoordeling van Boer en Uitlander, 1886-1899*. RAU, 1969.
- 8 M H Kunneke: *Hertzogisme: Genl J B M Hertzog in die Engelstalige pers, 1908-1914*. RAU, 1970.
- 9 J C M Penning: *Die gesindhede van die Voortrekkers teenoor die Britse Owerheid, 1836-1854*. RAU, 1970.
- 10 W L von R Scholtz: *Die betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1899-1902*. RAU, 1971.
- 11 M S Appelgryn: *Die ontwikkeling van plaaslike bestuur in Johannesburg 1886-1899*. RAU, 1971.
- 12 J J Fourie: *Die koms van die Bantoe na die Rand en hulle posisie aldaar, 1886-1899*. RAU, 1972.
- 13 J E H Grobler: *Jan Viljoen (1812-1893), 'n Transvaalse Wesgrens-pionier*. U P, 1975.
- 14 L J S Changuon: *Die verhuising van Boere na Oos-Afrika, 1902-1914*. U P, 1975.
- 15 J P F Moolman: *Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal, 1836-1860*. U P, 1975.
- 16 E M Viljoen: *Die Vrystaat-Transvaalse Traktaat van Vriendskap en Handel, 1882-1899*. U P, 1976.
- 17 P J du Toit: *Die geskiedenis van die toonaangewende Amateur-toneelverenigings in Pretoria, Johannesburg en Krugersdorp, 1927-1947*. U P, 1977.
- 18 P M B Schutte: *Die verhouding tussen Boer en Brit in Transvaal, 1902-1910*. U P, 1979.
- 19 Louis Scott: *Die rol van die Volkskomitee in die geskiedenis van Brits-Transvaal, 1877-1880*. U P, 1979. Gepubliseer in *Die Eerste Vryheidsoorlog*, HAUM, 1980.
- 20 J W N Tempelhoff: *Die ontstaan en ontplooiing van Transvaalse Afrikanernasionalisme, 1877-1881*. U P, 1982.

Benewens bogenoemde het prof. Van Jaarsveld tot op datum vir 9 D.Phil.-proefskrifte en 14 M.A.-verhandelinge as eksterne eksaminator opgetree.